**TOM NEWBY SCHOOL TOETS**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Vak** | **Afrikaans** | **Eksaminatrise** | **Mev. J. Dorrington** |
| **Datum** | **November 2021** | **Totale punte** | **50** |
| **Graad** | **6** | **Tydsduur** | **2 ure** |
| | | **Moderatrise** | **Mej. M. Botha** |
| **Spesiale Instruksies** | **Geen woordeboeke.<br>Antwoord op die vraestel.** | | |

**This Exam has been compiled using notes and information contained in the Tom Newby School book. The marking memorandum has been compiled accordingly. While alternative responses will be given due acknowledgement, the official memorandum will be considered a priority document to ensure uniformity of marking.**

| | | |
|---|---|---|
| **Naam:** | **Van:** | **Klas:** |

**Hierdie vraestel bestaan uit:**

| | | |
|---|---|---|
| **Vraag 1:** | **Literêre / nie-literêre teks** | **/20** |
| **Vraag 2:** | **Visuele teks** | **/10** |
| **Vraag 3:** | **Opsomming** | **/5** |
| **Vraag 4:** | **Taal in konteks** | **/15** |

**Vraag 1: Literêre/nie – literêre teks**

Lees die teks en beantwoord die vrae wat volg.

## Ah, die strand!

1. Sandy trek haar pienk sandale uit en hardloop oor die vuurwarm sand. Sy tip tone die yskoue water in, giggelend soos die golwe oor haar knieë breek. Sy kyk terug na die bloedrooi sambreel en waai vir haar ma, wat besig is om in die son te lê en bak. Haar ma glimlag vir haar en waai met twee vingers vir haar, sy hou ’n perske vas in een hand en ’n bottel lemonade in die ander hand.

2. ’n Groot golf breek oor Sandy se bene en vee haar voete onder haar uit. Onverwags beland sy in die water. Sy probeer skree, maar sy sluk ’n mondvol water. Sy weet nie waar op of af is nie. Terwyl sy so deur die golwemaal, raak haar hand aan iets slymerig in die water. Sy skree borrels en probeer hard om te swem.

3. Die golf trek terug en los Sandy op die nat, growwerige sand. Sandy hoes en proes en vee haar oë, terwyl sy sukkel om op te staan. Sand het binne in haar swemklere in gekom en dit krap haar vel.

4. Sy kyk terug na haar ma wat heel bekommerd nader kom. Daar is ’n bekommerde frons op haar gesig wat die sonbril nie kan wegsteek nie.

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

5. Sandy hardloop terug na die sambreel toe, oor die warm sand. Sy ruik soos die see en sand. Sy vat haar ma se groot warm hand in haar koue, kleiner hand.

6. "Kom speel saam met my in die golwe mamma, dit is die beste vakansie ooit.'

Geskryf deur: Mev. Dorrington
Aantal woorde: 239

**Vrae**:

**Nadat jy die teks sorgvuldig deurgelees het, beantwoord die volgende vrae in volledige sinne. Onthou geen Engels.**

1.1 Waar het Sandy en haar ma vakansie gehou?

______________________________________________________________ (1)

1.2 Hoe het Sandy gevoel toe sy in die golwe ingegaan het? Hoe weet ons dit?

______________________________________________________________ (1)

1.3 Wat het veroorsaak dat sy in die water beland het?

______________________________________________________________ (1)

1.4 Vind 'n woord uit die storie wat vir ons sê dat die sand baie warm was?

______________________________________________________________ (1)

1.5 Wat was die verskil tussen Sandy se hand en haar ma se hand? (Noem een verskil.)

______________________________________________________________ (1)

1.6 Waar het Sandy se ma gesit?

______________________________________________________________ (1)

1.7 Wat vertel die woord 'onverwags' vir ons?

______________________________________________________________ (1)

1.8 Dink jy Sandy was bang toe sy onder die water beland het? Gee 'n rede vir jou antwoord.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

1.9 Wat het gebeur toe Sandy probeer skree het terwyl sy onder die water was?

_______________ (1)

1.10 Was Sandy bang om weer in die water te gaan? Gee 'n rede vir jou antwoord.

_______________ (1)

1.11 Sandy se ma was bekommerd toe sy skielik onder die water beland het. Hoekom dink jy was sy bekommerd?

_______________ (1)

1.12 Dink jy dit kan 'n ware strorie wees? Verduidelik jou antwoord.

_______________ (1)

1.13 Hoe het jy gevoel toe Sandy onder die water was en nie kon skree nie? Hoekom?

_______________

_______________ (1)

1.14 Sandy se ma waai vir haar met twee vingers. Wat het Sandy se ma in haar hande gehad?

_______________ (1)

1.15 Waaraan het Sandy se hand geraak in die water?

_______________ (1)

1.16 Watter deel van die storie het jy die meeste geniet? Verduidelik jou antwoord.

_______________

_______________ (1)

1.17 Die storie kon baie erger gewees het. Wat dink jy kon met Sandy gebeur het?

_______________

_______________ (1)

1.18 Hoe het Sandy geruik nadat sy uit die water gekom het?

_______________ (1)

1.19 Wat dink jy gaan volgende in die storie gebeur?

_______________

_______________ (1)

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

1.20 Dink jy Sandy het die vakansie geniet? Verduidelik hoekom jy so dink.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (1)

**Totaal vraag 1: 20**

## Vraag 2: Visuele teks

Kyk na die advertensie oor vakansie akkomodasie in Durban en beantwoord dan die vrae wat volg.

## ***Opisee*** **Selfsorg Akommadasie**


Durban



**Vat 'n wegbreek saam met die gesin en kom kuier in Durban!!!**
**Ons het 4 selfsorg eenhede te huur, loopafstand van die strand af.**

| **Akkomodasie kostes** | **Akkomodasie beskrywing** |
|---|---|
| Verblyf per aand: R600<br>Verblyf per naweek: R1200<br>Skoonmaak is ekstra: R200 'n dag.<br>Minimum aande: 2 aande | Eenheid het twee slaapkamers:<br>Hoofslaapkamer met 'n dubbelbed.<br>'n Kamer met twee enkelbeddens.<br>Badkamer met 'n stort<br>'n See uitsig |

Eenhede kom toegerus met badhandoeke, beddegoed en ekstra komberse. Daar is genoeg vermaak, pret en plesier vir almal. Kom en ontspan by die see by Opisee!!!

| **Beskikbaar in eenheid:** | **Aktiwiteite:** | **Reëls:** |
|---|---|---|
|  |  |  |

Kontak ons gerus vir enige verdere navrae oor beskikbare datums en betallings by:

**Durban Verhuurings**

Hanalie Breedt: 085 567 8912

041 432 2198

hvakansieverblyf@co.za

LIVEWORKSHEETS

2.1 Waar is die akkomodasie beskikbaar?

_______________________________________________________________ (1)

2.2 Noem twee aktiwiteite wat jy by die huis kan doen?

_______________________________________________________________ (1)

2.3 Hoeveel gaste kan in die huis slaap? Verduidelik jou antwoord.

_______________________________________________________________ (1)

2.4 Hoeveel sal 'n naweek se verblyf jou kos?

_______________________________________________________________ (1)

2.5 Wat is die naam van die vakansie eenhede?

_______________________________________________________________ (1)

2.6 In jou eie woorde verduidelik wat **loopafstand** beteken.

_______________________________________________________________ (1)

2.7 Sal jy gedurende jou verblyf kan televisie kyk? Verduidelik jou antwoord.

_______________________________________________________________ (1)

2.8 Hoe kan jy kontak maak met Durban Verhuuring as jy verblyf wil bespreek?

_______________________________________________________________ (1)

2.9 Wat is een van die reëls wat jy sal moet gehoorsaam?

_______________________________________________________________ (1)

2.10 Sê of die volgende stelling **waar** of **onwaar** is en gee 'n rede vir jou antwoord.
Jy sal jou eie eetgerei moet saambring as jy hier wil vakansie hou.

_______________________________________________________________ (1)

**Totaal vraag 2: 10**

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

## Vraag 3: Opsomming

Gebruik die inligtingstuk om jou opsomming te doen.

# Durban

1. Durban is ‘n hawestad in Kwazulu - Natal. Durban is ’n gewilde vakansie bestemming, weens die goeie weer en warm see water.

2. Gedurende die maande van Junie en Julie kan jy deel wees van die sardyntjieloop, dit gebeur wanneer massas sardientjies op die strand uitspoel gedurende hulle migrasie tydperk. Jy kan dalk dan ook gelukkig genoeg wees om dolfyne te sien speel en swem in die water.

3. Durban het van Suid-Afrika se mooiste en sonnigste strande waar jy kan swem. Daar is haainette en lewensredders vir jou veiligheid.

4. Durban het ’n ryk kultuur met ‘n gemengde inheemse Suid-Afrikaanse en Indiese invloed. Die stad staan bekend vir sy Indiese kookkuns met al sy speserye.

5. Die stad het ’n internationale lughawe, dit is ook die tweede grootste lughawe in Suid-Afrika. Die lughawe het plaaslike en internationale vlugte.

6. Ushaka Marine World is die grootste akwaruim in Suid-Afrika en die vyfste grootste akwarium in die wêreld, met 10 000 verskillende seediere om te besigtig.

<u>Instruksies:</u>

- Som die inligtingsstuk oor Durban in 6 goeie sinne op.
- Skryf jou sinne onder mekaar neer.
- Nommer jou sinne van 1-6.
- Jou opsomming moet tussen 60 tot 70 woorde wees.
- Skryf jou aantal woorde aan die einde van jou opsomming neer.



TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________

Aantal woorde: __________

**Totaal vraag 3: 5**

## Vraag 4: Taal in konteks

**Gebruik die leesstuk 'Ah, die strand!' om die vrae te beantwoord.**

4.1 Skryf die woord in **lettergrepe** sê of die lettergrepe **oop of geslote** is.

giggelend ____________________________________ (1)

4.2 Gee 'n **antoniem** vir vuurwarm: _________________________________ (1)

4.3 Gee die **intensiewe** vorm van rooi: ______________________________ (1)

4.4 Skryf die volgende sin in die **toekomende tyd**.

Sandy trek haar piek sandale uit.

_________________________________________________________________________ (1)

4.5 Skryf die volgende sin in die **verlede tyd**.

Sandy raak aan iets in die water.

_________________________________________________________________________ (1)

4.6 Voltooi die tabel. (2)

| woord | **meervoud** | **verkleining** |
|---|---|---|
| bottel | 4.6.1 | 4.6.2 |

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

4.7 Gee die **trappe van vergelyking** van: (2)

| stellende trap | **vergrotende trap** | **oortreffende trap** |
|---|---|---|
| koud | 4.7.1 | 4.7.2 |

4.8 Skryf die volgende sin in die **lydende vorm**:

Haar ma het 'n foto geneem.

_______________________________________________ (1)

4.9 Onderstreep die **byvoeglike naamwoord** in die volgende sin.

Die water van die see is yskoud op haar tone. (1)

4.10 Voltooi die sin deur die regte **voornaamwoord** in te vul.

Sandy trek ___________ sandale uit en hardloop oor die sand. (1)

4.11 Gebruik die **voegwoord** in hakies om die twee sinne te verbind.

Sandy probeer skree. Sy het groot geskrik. (want)

_______________________________________________ (1)

4.12 Watter **bywoord** is in die volgende sin onderstreep.
Sandy en haar ma gaan <u>elke</u> jaar see toe vir vakansie.

**Bywoord** van_______________________________________ (1)

4.13 Skryf die volgende sin in die **ontkennende vorm**.

Sy sluk 'n mond vol seewater.

_______________________________________________ (1)

**Totaal vraag 4: 15**

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

**Graad 6 Afrikaans FAL November Eksamen 2021**

Prestasie evaluering

(Vir onderwys gebruik alleenlik)

Naam en van:_______________________________________ Klas: 6______

Vraag 1:

| Vraag nommer: | 1.1 | 1.2 | 1.3 | 1.4 | 1.5 | 1.6 | 1.7 | 1.8 | 1.9 | 1.10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Moontlike punt: | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Leerder punt: | | | | | | | | | | |

| Vraag nommer: | 1.11 | 1.12 | 1.13 | 1.14 | 1.15 | 1.16 | 1.17 | 1.18 | 1.19 | 1.20 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Moontlike punt: | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Leerder punt: | | | | | | | | | | |

Vraag 2:

| Vraag nommer: | 2.1 | 2.2 | 2.3 | 2.4 | 2.5 | 2.6 | 2.7 | 2.8 | 2.9 | 2.10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Moontlike punt: | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Leerder punt: | | | | | | | | | | |

Vraag 3:

| | |
|---|---|
| Moontlike punt: | 5 |
| Leerder punt: | |

Vraag 4:

| Vraag nommer: | 4.1 | 4.2 | 4.3 | 4.4 | 4.5 | 4.6 | 4.7 | 4.8 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Moontlike punt: | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | 2 | 1 |
| Leerder punt: | | | | | | | | |

| Vraag nommer: | 4.9 | 4.10 | 4.11 | 4.12 | 4.13 |
|---|---|---|---|---|---|
| Moontlike punt: | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Leerder punt: | | | | | |

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS